

28 Mei

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13-16
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13

Die kragtige Woord wek energie by my op

Inflasiekoerse het 'n uitwerking op almal. Daar is baie dinge wat inflasie laat styg, soos geld se waarde wat nie gedek word deur die waarde in goud nie, en onproduktiwiteit. Natuurlik is daar baie meer oorsake, maar in die woorde herken ons die neiging van gelowiges om mooi woorde uit die Bybel te gebruik wat nie deur daad gedek word nie (byvoorbeeld liefde en vergifnis). Ons veroorsaak sodoende dat 'n inflasiekoers aan die Woord gekoppel word.

Tessalonika was geleë op die Via Egnatia en was 'n kruispunt van die internasionale verkeer van destyds. Tessalonika was 'n strategiese gemeente. Die strate het gewemel van toeriste en mense van allerlei beroepe. Paulus is verheug dat dié gemeente, waaruit hy moes vlug, dit kon regkry om 'n uitsaaistasie van God se Woord te word. Hulle Woordvoorbeeldige lewens was 'n kragtige klankversterker wat oor die bekende wêreld weergalm het.

In 1 Tessalonisense 2:13 word die rede gevind, naamlik: die Woord *werk* in gelowiges en het 'n *uitwerking*. Die begrip werk of die uitwerking daarvan is die woord wat ons vir *energie* gebruik. Energie is 'n krag wat beweging of 'n handeling veroorsaak. Daarom is 'n energieke mens iemand met 'n kragtige strewe en 'n kragdadige optrede. Dink gerus aan die werking van kernkrag-energie, die opwekking van elektrisiteit en die effek wat dié energie bewerk.

Die Woord van God is veel meer as woorde waarvan die ink gestol het. Die energieke Woord werk, dit werk selfs in die lewens van diegene wat nie veel erg aan God se Woord het nie. Hierdie Woord keer nooit leeg terug nie. In gelowiges se lewens bring die Woord vol van energie 'n uitwerking voort wat in daad sigbaar moet word. Woord-energie bring 'n drang voort om voluit van God se Woord te leef en laat die lewenswiele draai oral waar ek my voete plaas. Die krag van die Woord is immers in sy boodskap opgesluit.

Die dinamiek van God se werking in en deur sy Seun kan nie anders as om beweging en energie voort te bring nie. 'n Energieke Woord roep om energieke gelowiges!

Sing: Psalm 89:6 (1936)

Dr. FP Kruger (Meyerspark)